Noble Private Portfolios
Independent Asset Managers

**Oktober 2017**

## Wêreldekonomie

Dit gaan goed met die Verenigde State se derde verdiensteseisoen met meer as 70% maatskappye wat hoër verdienste as wat verwag is, aanteken. Tegnologiemaatskappye het die hoogste gemiddelde inkomstegroei van +8,9% en verdienstegroei van +18,4%. Oktober was 'n goeie maand vir aandele, met S&P 500 wat 2% bygevoeg het, die JSE meer as 6% (1,9% in VS-dollars), die Nikkei meer as 8%, ontluikende markte 3,5% (in VS-dollars) en die wêreld 1,8% (ook in VS-dollars). Nuusberigte het aangedui dat voorstelle vir nuwe belastingverlaging slegs stadig geïmplementeer sal word. Die aanstelling van Jerome Powell as die nuwe Fed-voorsitter (vanaf Februarie), sal binnekort aangekondig word. Powell word as 'n duif beskou (of minstens nie 'n sterk valk nie), dus sal hy waarskynlik nie aggressief koerse verhoog nie terwyl die ekonomie steeds verbeter. Oliepryse styg steeds terwyl gehoop word dat OPUL beslissend sal optree om die toename in aanbod te beperk.

## SA Ekonomie

Die SA Minister van Finansies het 'n skokkende agteruitgang van staats-fiskale parameters in die Mediumtermynbegrotingsraamwerk (MTBR) voorgehou. Die kans op 'n verdere afgradering in November het aansienlik gestyg. Hierdie agteruitgang weerspieël die gekombineerde invloed van drie sleutelfaktore, naamlik 'n afname in belastingveerkrag, 'n verlangsaming in SA ekonomiese groei en 'n toename in die eis dat die regering bykomende befondsing aan staatsinstellings verskaf. Die Minister van Finansies het SA se ekonomiese groeivoorspelling vir 2017 afwaarts aangepas van 1,3% tot 0,7%. Suid-Afrika se werkloosheidskoers was bestendig op 27,7% in die derde kwartaal, volgens die statistiekkantoor. Suid-Afrika se handelsurplus het in September tot R4 miljard ($283 miljoen) van 'n hersiene R5,98 miljard surplus in Augustus gedaal toe uitvoere afgeneem het, volgens gegewens van die inkomste-agentskap. Nuwe-voertuigverkope in Oktober het die vyfde agtereenvolgende maand gestyg. Die styging was 4,6%, vergeleke met dieselfde maand verlede jaar. Suid-Afrika se seisoenaal aangepaste Absa Koopbestuurdersindeks (KBI) het tot sy beste vlak in vyf maande gestyg met behulp van 'n styging in nuwe verkoopsbestellings, volgens 'n opname.

## Tendense en geleenthede

- Die ekonomiese groeikoerse vir 2018 en 2019 is aansienlik verlaag van meer as 2% voorheen tot net meer as 1%.
- Die regering projekteer nou 'n totale inkomste-tekort van R50,8 miljard in 2017/18, R69,3 miljard in 2018/19 en R89,4 miljard in 2019/20.
- SA se geprojekteerde begrotingstekort vir die volgende drie jaar is hoër aangepas en word nie laer as 3,9% van BBP oor die volgende drie jaar geprojekteer nie.

*"In the absence of any other proof, the thumb alone would convince me of God's Existence" –* ***Isaac Newton***

**RvD de Kock** **PJ de Jongh**

NOBLE PRIVATE PORTFOLIOS (PTY) LTD
Reg No: 1996/006915/07

Suite 2 | 77 Park Drive | Northcliff | 2195
Tel: +27 (0) 11 476 8548 | Fax: +27 (0) 11 476 8375 | Website: www.noblepp.co.za

Directors: P J de Jongh, P A van Zyl, H W du Preez

*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is an authorised FSP in terms of the FAIS Act, 2002 (568)*
*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is a member of StoneHouse Capital*

STONEHOUSE CAPITAL
Partnering the Exceptional